12 Januarie 2011

NUUSBRIEF 1/2011

Geagte Ouers

Met die aanvang van ‘n nuwe skooljaar wens ons alle ouers, leerders en personeel van harte welkom. In besonder alle ouers wat vanjaar ‘n eerste kind by ons ingeskryf het.

Seën en voorspoed word aan elke ouerhuis toegebid vir die jaar wat voorlê. Laerskool Thabazimbi was nog altyd ‘n skool met ‘n lojale ouergemeenskap en daarom vertrou ons dat elkeen van u gou by ons sal inskakel en nou met ons sal saamwerk.

Die volgende belangrike sake vir u aandag:

1. **BELANGRIKE DATUMS**

11 Januarie 2011	:	Verwelkoming nuwe Gr R- en 1-leerders
12 Januarie 2011	:	Gr R en Gr 1 Eerste skooldag-foto’s
13 Januarie 2011	:	Gr R Oueraand
14 Januarie 2011	:	Atletiekuitdunne gedurende skoolure (slegs 0/10 – 0/13)
20 Januarie 2011	:	Leier kenmekaar
21 Januarie 2011	:	Interhuis Atletiekbyeenkoms
25 Januarie 2011	:	Atletiek Vriendskaplik (tuis)
27 Januarie 2011	:	Gr 2 – 7 Oueraand
28 Januarie 2011	:	Atletiek Vriendskaplik (te Lephalale)
01 Februarie 2011	:	Atletiek Vriendskaplik (te Brits)
05 Februarie 2011	:	Atletiek Kringbyeenkoms (plek nog onbekend)
09 Februarie 2011	:	Studiebegeleiding – Werksessie met Gr 4-ouers en leerders
10 Februarie 2011	:	Gr 1 Oueraand
12 Februarie 2011	:	Atletiek Areabyeenkoms (plek nog onbekend)
14 Februarie 2011	:	Rugby- en Netbaloefeninge begin
15 Februarie 2011	:	Finansiële Komiteevergadering
16 Februarie 2011	:	Skoolfoto’s – Individueel en klasfoto’s
18 Februarie 2011	:	Redenaars- en dramawerkswinkel
19 Februarie 2011	:	Atletiek Streeksbyeenkoms (plek nog onbekend)
22 Februarie 2011	:	Beheerliggaamsvergadering
25 Februarie 2011	:	Tjokker Atletiekdag
26 Februarie 2011	:	Musiek en solosang werkswinkel (tuis)
04 – 05 Maart 2011	:	Rugby- en Netbal vs Garsfontein en Middelburg (tuis)
05 Maart 2011	:	Atletiek Provinsiaal (te Polokwane)
09 Maart 2011	:	Wetenskapskou te Pretoria vir Gr 5 – 7 leerders bo 90 %
09 Maart 2011	:	Netbal Kringproewe
12 Maart 2011	:	Rugby- en Netbaldag te Laerskool Nylstroom
14 Maart 2011	:	Netbal Areaproewe

17 Maart 2011	:	Rugby- en Netbal vs Laerskool Brits (tuis)
18 – 19 Maart 2011	:	SA Atletiekkampioenskappe
21 Maart 2011	:	Openbare Vakansiedag
22 Maart 2011	:	Finansiële Komiteevergadering
22 Maart 2011	:	Gr 7-sokkie
23 Maart 2011	:	Fondsinsamelingsprojek – Waterkaskenades
24 – 27 Maart 2011	:	Netbalkliniek te Thaba Morula, 0/11, 0/12 en 0/13
25 Maart 2011	:	Skool sluit
27 – 30 Maart 2011	:	Rugbytoer 0/9 en 0/10 te Thaba Morula
27 – 30 Maart 2011	:	Rugbytoer 0/11 en Eerstespanne (te Potchefstroom)
11 April 2011	:	Skool heropen

2. **SPORTPERIODE**

Vanweë die feit dat ons Interhuis Atletiekbyeenkoms reeds op Vrydag, 21 Januarie 2011 plaasvind, is ons genoodsaak om uitdunne en seleksie van spanne gedurende skoolure in te pas. Leerlinge is welkom om vanaf Donderdag, 13 Januarie 2011 tot en met die afhandeling van die Interhuisbyeenkoms, sportdrag skool toe te bring vir gebruik gedurende hierdie sportperiodes.

3. **ATLETIEKOEFENING IN DIE MIDDAE**

Atletiekoefeninge vind op Donderdag (13 Januarie 2011), Maandag (17 Januarie 2011), Dinsdag (18 Januarie 2011) en Woensdag (19 Januarie 2011), plaas.

Na afloop van die Interhuis vind die atletiekoefeninge elke Dinsdag en Donderdag om 14:30, plaas. 'n Aparte skrywe met al die reëlings ten opsigte van alle atletiekreëlings sal u voor of op Donderdag, 13 Januarie 2011, bereik.

4. **OUER-INLIGTINGSAANDE**

Hierdie inligtingsaande word gereël sodat elke ouer ingelig kan word rondom u kind se akademiese jaar en die vereistes wat aan hom of haar gestel gaan word. Ek doen 'n beroep op elke ouerhuis om asseblief hierdie aande by te woon. Meer inligting ten opsigte van elke geleentheid volg later.

- Gr R Oueraand: Donderdag, 13 Januarie 2011
- Gr 2 – 7 Oueraand: Donderdag, 27 Januarie 2011
- Gr 1 Oueraand: Donderdag, 10 Februarie 2011

5. **BEGIN- EN VERDAAGTYE**

Neem asseblief kennis dat die skool reg deur die jaar een vasgestelde begintyd het. Die tye is soos volg:

Gr R – 3	07:15 (begin)	12:45 (verdaag)
Gr 4 – 7	07:15 (begin)	13:15 (verdaag)

Baie dankie dat u Laerskool Thabazimbi gekies het as u skool. Ek en my personeel waardeer dit opreg en sal steeds poog om net die beste vir die leerders en die gemeenskap van Thabazimbi te lewer.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF